*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

*Registered at the Post Office as a Newspaper* | *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 10c Prys**
**Overseas 15c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

ISBN 0 621 00067 1

VOL. 84.] CAPE TOWN, 2ND JUNE, 1972. KAAPSTAD, 2 JUNIE 1972. [No. 3531.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 924. 2nd June, 1972.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 55 of 1972: Subdivision of Agricultural Land Amendment Act, 1972.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 924. 2 Junie 1972.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 55 van 1972: Wysigingswet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1972.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970, ten einde landbougrond nader te omskryf; die registrasie van sekere huurkontrakte te verbied; onder sekere omstandighede die verkoop van landbougrond, die aanwending daarvan vir bepaalde doeleindes, en die registrasie van serwitute ten opsigte daarvan te reël; en die bevoegdhede van die Minister wat betref die oplegging van voorwaardes en die delegering van bevoegdhede uit te brei; tot wysiging van die Wet tot Uitbreiding van Provinsiale Magte, 1944, ten einde die bevoegdhede van provinsiale rade uit te brei; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 19 *Mei* 1972.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 70 van 1970.

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur die omskrywing van „landbougrond" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,landbougrond' alle grond behalwe—

(*a*) grond wat geleë is in die regsgebied van 'n munisipale raad, stadsraad, dorpsraad, dorpsbestuur, dorpsbestuursraad, plaaslike raad, gesondheidsraad of gesondheidskomitee, en grond wat deel uitmaak van, in die provinsie Kaap die Goeie Hoop, 'n plaaslike gebied ingestel kragtens artikel 6 (1) (i) van die Ordonnansie op Afdelingsrade, 1952 (Ordonnansie No. 15 van 1952 van dié provinsie), en, in die provinsie Natal, 'n openbare gesondheidsgebied soos omskryf in artikel 1 van die Ordonnansie op die Kommissie vir Plaaslike Gesondheid (Beheer oor Openbare Gesondheidsgebiede), 1941 (Ordonnansie No. 20 van 1941 van laasgenoemde provinsie), en, in die provinsie Transvaal, 'n gebied ten opsigte waarvan 'n plaaslike gebiedskomitee ingestel is kragtens artikel 21 (1) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie No. 20 van 1943 van die Transvaal), en, in Suidwes-Afrika, 'n buitestedelike gebied ingestel kragtens artikel 9 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie No. 19 van 1970 van Suidwes-Afrika), maar uitgesonderd enige sodanige grond ten opsigte waarvan die Minister na oorlegpleging met die betrokke uitvoerende komitee en by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat dit landbougrond vir die doeleindes van hierdie Wet is;

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To amend the Subdivision of Agricultural Land Act, 1970, so as further to define agricultural land; so as to prohibit the registration of certain leases; so as to regulate, in certain circumstances, the sale of agricultural land, the utilization thereof for specified purposes, and the registration of servitudes in respect thereof; and so as to extend the powers of the Minister as to the imposition of conditions and the delegation of powers; to amend the Provincial Powers Extension Act, 1944, so as to extend the powers of provincial councils; and to provide for matters connected therewith.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 19th May,* 1972.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 70 of 1970.

**1.** Section 1 of the Subdivision of Agricultural Land Act, 1970 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the definition of "agricultural land" of the following definition:

" 'agricultural land' means any land, except—

(*a*) land situated in the area of jurisdiction of a municipal council, city council, town council, village council, village management board, village management council, local board, health board or health committee, and land forming part of, in the province of the Cape of Good Hope, a local area established under section 6 (1) (i) of the Divisional Councils Ordinance, 1952 (Ordinance No. 15 of 1952 of that province), and, in the province of Natal, a public health area as defined in section 1 of the Local Health Commission (Public Health Areas Control) Ordinance, 1941 (Ordinance No. 20 of 1941 of the last-mentioned province), and in the province of the Transvaal, an area in respect of which a local area committee has been established under section 21 (1) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance No. 20 of 1943 of the Transvaal), and, in South-West Africa, a peri-urban area established under section 9 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance No. 19 of 1970 of South-West Africa), but excluding any such land declared by the Minister after consultation with the executive committee concerned and by notice in the *Gazette* to be agricultural land for the purposes of this Act;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





WYSIGINGSWET OP DIE ONDERVERDELING VAN LANDBOUGROND, 1972.

(*b*) grond wat deel uitmaak van 'n ander gebied wat onderverdeel is in erwe of persele, met of sonder publieke oop ruimtes, en in strate wat begrens word deur sodanige erwe, persele of ruimtes;

(*c*) grond waarvan die Staat of die administrasie van die gebied Suidwes-Afrika die eienaar is of wat die Staat of 'n Minister of die administrateur van dié gebied vir iemand in trust besit;

(*d*) grond wat deel uitmaak van 'n afgesonderde Bantoegebied soos omskryf in artikel 49 van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), of van 'n oopgestelde gebied bedoel in artikel 2 van genoemde Wet, of grond bedoel in artikel 4 van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet No. 56 van 1954);

(*e*) grond waarop die bepalings van die Wet op Landelike Kleurlinggebiede, 1963 (Wet No. 24 van 1963), van toepassing is, of grond in die gebied Suidwes-Afrika wat ingesluit is in die ,Gebied' soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Rehoboth-beleggings- en -ontwikkelingskorporasie, 1969 (Wet No. 84 van 1969);

(*f*) grond wat die Minister na oorlegpleging met die betrokke uitvoerende komitee en by kennisgewing in die *Staatskoerant* van die bepalings van hierdie Wet uitsluit;"; en

(*b*) deur die volgende omskrywing by te voeg:
„,uitvoerende komitee' die uitvoerende komitee van 'n provinsie of die gebied Suidwes-Afrika.".

Wysiging van artikel 2 van Wet 70 van 1970.

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*a*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*a*) 'n onderverdeling van grond ten einde 'n gedeelte daarvan aan die Staat of die administrasie van die gebied Suidwes-Afrika of 'n statutêre liggaam oor te dra, of die oordrag van 'n onverdeelde aandeel in grond aan die Staat of dié administrasie of so 'n liggaam;"; en

(*b*) deur die volgende paragraaf by te voeg:

„(*e*) die registrasie van 'n huurkontrak wat skriftelik aangegaan is voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1972.".

Vervanging van artikel 3 van Wet 70 van 1970.

**3.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Verbod op onderverdeling van, oorgang van onverdeelde aandeel in, registrasie van huurkontrak ten

**3.** Behoudens die bepalings van artikel 2—

(*a*) mag landbougrond nie onderverdeel word nie;

(*b*) gaan 'n onverdeelde aandeel in landbougrond wat nie reeds deur iemand besit word nie, op niemand oor nie;

(*c*) gaan 'n deel van 'n onverdeelde aandeel in landbougrond nie op iemand oor nie, indien dié deel nie reeds deur iemand besit word nie;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) land forming part of any other area subdivided into erven or plots, with or without public open spaces, and in streets bounded by such erven, plots or spaces;

(*c*) land of which the State or the administration of the territory of South-West Africa is the owner or which is held in trust by the State or a Minister or the Administrator of the said territory for any person;

(*d*) land forming part of a scheduled Bantu area as defined in section 49 of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), or of a released area referred to in section 2 of the said Act, or land referred to in section 4 of the South-West Africa Bantu Affairs Administration Act, 1954 (Act No. 56 of 1954);

(*e*) land to which the provisions of the Rural Coloured Areas Act, 1963 (Act No. 24 of 1963), apply, or land in the territory of South-West Africa included in the 'Gebiet' as defined in section 1 of the Rehoboth Investment and Development Corporation Act, 1969 (Act No. 84 of 1969);

(*f*) land which the Minister after consultation with the executive committee concerned and by notice in the *Gazette* excludes from the provisions of this Act;"; and

(*b*) by the insertion after the said definition of "agricultural land" of the following definition:

"'executive committee' means the executive committee of a province or the territory of South-West Africa;".

**Amendment of section 2 of Act 70 of 1970.**

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*a*) of the following paragraph:

"(*a*) any subdivision of land for the purpose of transferring a portion thereof to the State or the administration of the territory of South-West Africa or a statutory body, or the transfer of an undivided share in land to the State or that administration or any such body;"; and

(*b*) by the addition of the following paragraph:

"(*e*) the registration of a lease concluded in writing prior to the commencement of the Subdivision of Agricultural Land Amendment Act, 1972.".

**Substitution of section 3 of Act 70 of 1970.**

**3.** The following section is hereby substituted for section 3 of the principal Act:

"Prohibition on subdivision of, vesting of undivided share in, registration

**3.** Subject to the provisions of section 2—

(*a*) agricultural land shall not be subdivided;

(*b*) no undivided share in agricultural land not already held by any person, shall vest in any person;

(*c*) no part of any undivided share in agricultural land shall vest in any person, if such part is not already held by any person;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998







opsigte van deel van, verkoop van onopgemete persele op, en instelling of uitbreiding van sekere instellings op of oor, landbougrond.

(*d*) mag geen huurkontrak ten opsigte van 'n deel van landbougrond in 'n registrasiekantoor van aktes geregistreer word nie;

(*e*) mag geen erf of perseel op landbougrond hetsy opgemeet of nie, of 'n reg op so 'n erf of perseel, verkoop of vir verkoop geadverteer word nie;

(*f*) mag geen regsgebied, plaaslike gebied, gesondheidsgebied, buitestedelike gebied of ander gebied vermeld in paragraaf (*a*) of (*b*) van die omskrywing van ,landbougrond' in artikel 1, op grond ingestel word wat landbougrond is, of uitgebrei word sodat dit sodanige grond insluit nie,

tensy die Minister skriftelike toestemming tot die betrokke onderverdeling, oorgang, registrasie, verkoop, advertensie, instelling of uitbreiding verleen het.".

Wysiging van artikel 4 van Wet 70 van 1970.

**4.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Die Minister kan na goeddunke so 'n aansoek weier of toestaan, en, indien hy dit toestaan, dit toestaan op die voorwaardes wat hy goedvind, met inbegrip van voorwaardes betreffende die doel waarvoor of die wyse waarop die betrokke grond gebruik mag word.".

Wysiging van artikel 6 van Wet 70 van 1970.

**5.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van artikel 2 mag 'n Landmeter-generaal slegs 'n algemene plan of kaart wat betrekking het op 'n onderverdeling van landbougrond goedkeur, en mag 'n Registrateur van Aktes slegs die oorgang van 'n onverdeelde aandeel in landbougrond bedoel in artikel 3 (*b*), of 'n deel van so 'n aandeel bedoel in artikel 3 (*c*), of 'n huurkontrak ten opsigte van 'n deel van landbougrond, registreer, indien die toepaslike skriftelike toestemming van die Minister ingevolge hierdie Wet aan hom voorgelê is.".

Invoeging van artikel 6A in Wet 70 van 1970.

**6.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 6 ingevoeg:

„Registrasie van serwitute.

**6A.** (1) Indien 'n Registrateur van Aktes van oordeel is dat die uitwerking van die registrasie in sy kantoor van 'n bepaalde serwituut ten opsigte van landbougrond vir praktiese doeleindes dieselfde sal wees as die registrasie van die oorgang van 'n onverdeelde aandeel in, of die registrasie van 'n huurkontrak ten opsigte van 'n deel van, daardie grond, kan hy weier om dié serwituut te registreer, tensy die Minister skriftelike toestemming tot die registrasie verleen.

(2) Die bepalings van artikels 4 en 6 (2) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die verlening van toestemming vir die doeleindes van subartikel (1) van hierdie artikel en ten opsigte van sodanige toestemming.".

Wysiging van artikel 8 van Wet 70 van 1970.

**7.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

„(2) Die Minister kan dieselfde bevoegdheid aan meer as een beampte kragtens subartikel (1) delegeer.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



of a lease of portion of, sale of unsurveyed plots on, and establishment or enlargement of certain institutions on or over, agricultural land.

(*d*) no lease in respect of a portion of agricultural land shall be registered in a deeds registry;

(*e*) no erf or plot, on agricultural land, whether surveyed or not, or any right to such an erf or plot, shall be sold or advertised for sale;

(*f*) no area of jurisdiction, local area, public health area, peri-urban area or other area referred to in paragraph (*a*) or (*b*) of the definition of 'agricultural land' in section 1 shall be established on, or enlarged so as to include, any land which is agricultural land,

unless the Minister has consented in writing to the subdivision, vesting, registration, sale, advertisement, establishment or enlargement concerned.".

Amendment of section 4 of Act 70 of 1970.

**4.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Minister may in his discretion refuse or grant any such application, and, if he grants it, grant it on such conditions as he deems fit, including conditions as to the purpose for which or the manner in which the land in question may be used.".

Amendment of section 6 of Act 70 of 1970.

**5.** Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to the provisions of section 2 a Surveyor-General shall only approve a general plan or diagram relating to a subdivision of agricultural land, and a Registrar of Deeds shall only register the vesting of an undivided share in agricultural land referred to in section 3 (*b*), or a part of any such share referred to in section 3 (*c*), or a lease in respect of a portion of agricultural land, if the relevant written consent of the Minister in terms of this Act has been submitted to him.".

Insertion of section 6A in Act 70 of 1970.

**6.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 6:

"Registration of servitudes.

**6A.** (1) If a Registrar of Deeds is of opinion that the effect of the registration in his office of a particular servitude in respect of agricultural land would, for practical purposes, be the same as the registration of the vesting of an undivided share in, or the registration of a lease in respect of a portion of, that land, he may refuse to register such servitude, unless the Minister grants written consent to the registration.

(2) The provisions of sections 4 and 6 (2) shall *mutatis mutandis* apply in respect of the granting of consent for the purposes of subsection (1) of this section, and in respect of such consent.".

Amendment of section 8 of Act 70 of 1970.

**7.** Section 8 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1):

"(2) The Minister may under subsection (1) delegate the same power to more than one officer.".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Wet No. 55, 1972**

WYSIGINGSWET OP DIE ONDERVERDELING VAN LANDBOUGROND, 1972.

Vervanging van artikel 11 van Wet 70 van 1970.

**8.** Artikel 11 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Misdrywe en strawwe.

**11.** Iemand wat—

(*a*) in 'n aansoek vir die doeleindes van hierdie Wet 'n verklaring doen wat in 'n wesenlike opsig vals is, terwyl hy weet dat dit vals is, of inligting verswyg met die opset om te bedrieg;

(*b*) iemand anders wat kragtens magtiging van die Sekretaris ingevolge artikel 7 optree, by die verrigting van sy werksaamhede hinder of belemmer;

(*c*) 'n voorwaarde wat ingevolge artikel 4 (2) opgelê is, oortree, of versuim om daaraan te voldoen;

(*d*) die bepalings van artikel 3 (*e*) oortree,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar en daarbenewens, in die geval van 'n misdryf beoog in paragraaf (*c*) of (*d*), met 'n boete van hoogstens tien rand ten opsigte van elke dag waarop die misdryf voortduur.".

Vervanging van lang titel van Wet 70 van 1970.

**9.** Die lang titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang:

„Wet

Om die onderverdeling en, in verband daarmee, die gebruik van landbougrond te beheer.".

Wysiging van artikel 1 van Wet 10 van 1944.

**10.** Artikel 1 van die Wet tot Uitbreiding van Provinsiale Magte, 1944, word hierby gewysig deur die woorde „in stukke waarvan enigeen minder dan vyf-en-twintig morg (of in die Provinsie Natal, minder dan vyftig akker) groot is" te skrap.

Kort titel.

**11.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1972.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**8.** The following section is hereby substituted for section 11 of the principal Act: **Substitution of section 11 of Act 70 of 1970.**

"Offences and penalties.

**11.** Any person who—

(*a*) in any application for the purpose of this Act makes any statement which is false in any material respect, knowing it to be false, or fails to disclose any information with intent to deceive;

(*b*) hinders or obstructs in the performance of his functions any other person acting under an authority from the Secretary in terms of section 7;

(*c*) contravenes or fails to comply with a condition imposed in terms of section 4 (2);

(*d*) contravenes the provisions of section 3 (*e*),

shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding four hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding one year and, in addition, in the case of an offence contemplated in paragraph (*c*) or (*d*), to a fine not exceeding ten rand in respect of each day on which the offence continues.".

**9.** The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act: **Substitution of long title of Act 70 of 1970.**

"Act

To control the subdivision and, in connection therewith, the use of agricultural land.".

**10.** Section 1 of the Provincial Powers Extension Act, 1944, is hereby amended by the deletion of the words "into portions of which any one is of an extent of less than twenty-five morgen (or, in the province of Natal, less than fifty acres)". **Amendment of section 1 of Act 10 of 1944.**

**11.** This Act shall be called the Subdivision of Agricultural Land Amendment Act, 1972. **Short title.**